


# Dink mooi vóór jy vruggebruik skep

Vruggebruik deur 'n ma kan 'n nagmerrie word vir die seun wat 'n plaas van sy pa erf, veral as die ma en seun nie goed oor die weg kom nie, of as daar skuld betrokke is. Daar is ook belastingimplikasies.

My rubriek laat verlede jaar oor beperkte regte en die versorging van 'n langslewende gade het heelwat reaksie ontlok. Dit was meer bepaald oor die algemeen bekende beperkte reg wat in testamente geskep word – vruggebruike.

Ek bespreek kortliks enkele aspekte hiervan. Dit is nie volledig nie; dit is bloot na aanleiding van die meer algemene kwessies wat lesers geopper het.

Ons kyk eers na die regte van erfgename. Daar is in wese twee: die vruggebruiker en die eienaar van die blote eiendom ("blote eiendom" beteken die waarde van die eiendom minus die waarde van die vruggebruik). Dit is omdat 'n vruggebruik aan die vruggebruiker die reg gee om 'n eiendom te gebruik, ingesluit die opbrengs ("vrugte") uit daardie eiendom (byvoorbeeld 'n plaas).

So werk dit gewoonlik: Jy bemaak die plaas en die boerdery aan 'n seun met 'n lewenslange vruggebruik aan jou vrou. Die gevolg? Die seun besit die plaas (blote eiendom), maar hy kan in wese niks daarmee doen nie, want sy ma het al die regte. Sy kan dit selfs verhuur en al die inkomste in haar sak steek. Kortom, as ma en seun haaks is – soos baie keer gebeur (dikwels danksy die skoondogter wat aan die ander kant eise stel) – sal die seun geduldig moet wag tot sy dood is vóór hy vir homself kan gaan boer.

In ons voorbeeld sal die ma as vruggebruiker verantwoordelik wees vir die instandhouding van die eiendom sodat dit in dieselfde toestand aan die blote eienaar (die seun) oorhandig sal word wanneer die vruggebruik beëindig word (by die ma se dood). Sy is egter nie verplig om verbeteringe aan te bring nie. Die vruggebruiker is wel verplig om belastings, ensovoorts, te betaal, tensy dit duidelik uitgesluit is in die testament waardeur die vruggebruik geskep is.

Om hom te beskerm kan die seun regtens van sy ma vereis om 'n inventaris op te stel en terselfdertyd sekuriteit te verskaf vir die herstel van die eiendom ná die vruggebruik verval. Die verskaffing van sekuriteit is 'n effense tameletjie in die reg, maar dit is duidelik uit regspraak dat sekuriteit selfs van 'n ma vereis kan word. Dit is natuurlik tensy die testateur weer eens duidelik in sy testament bepaal het dat die gee van sekuriteit nie nodig is nie.

'n Spesifieke kwessie wat deur 'n leser geopper is, is oor 'n stiefma wat ná die man se dood die opbrengs uit die plaas vir haarself en haar eie kinders uit 'n vorige huwelik aanwend en die kinders van die oorlede man ignoreer. Dit is ongelukkig een van daardie vrae wat 'n mens net kan beantwoord as jy al die omstandighede het en jy saam met die betrokkenes daaroor kan gesels en beplan. Daar is maniere van doen, maar die belangrike boodskap hier is dat die skep van 'n vruggebruik meer as net woorde in 'n testament behels – dit het verreikende implikasies vir alle betrokkenes.

**En Jan Taks kyk na dié "beplanning" en lag lekker, want hy lag altyd laaste.**

Eiendom wat onderhewig is aan 'n vruggebruik kan ook nie verkoop word sonder instemming van alle begunstigdes en met instemming van die hof nie. Dit geld veral waar minderjariges betrokke is. 'n Ander probleem kan ontstaan waar daar 'n uitstaande verband op die eiendom is, in welke geval daar in sekere omstandighede, as daar nie ander bates is waaruit die verband betaal kan word nie, van die vruggebruiker geëis kan word om die rente te betaal.

Dit bring my by 'n laaste punt: Die vruggebruik het 'n waarde en as sulks is dit vatbaar deur die krediteure van die vruggebruiker. Skuldeisers sal uiteraard nie op die plaas beslag kan lê nie, maar wel op die vruggebruik. Anders gestel? As die ma te veel skuld het, kan die seun dalk later vir iemand anders, heeltemal buite die familie, moet boer. Of met leë hande sit en kyk hoe ander mense op sy plaas boer.

En omdat die vruggebruik waarde het, kan jy mos dink dat Jan Taks ook daarin gaan belang stel. Omdat die vruggebruik aan die vrou vererf, sal die waarde van die vruggebruik aftrekbaar wees van boedelbelasting in die pa se boedel. Daar sal ook 'n "oorrol" van enige kapitaalwinsbelasting wees op die gedeelte van die wins wat verband hou met die vruggebruik. Die waarde van die vruggebruik in die pa se boedel word uitgewerk volgens die lewensverwagting van die ma.

Wanneer die ma sterf en die vruggebruik beëindig word, word die waarde van die vruggebruik dan uitgewerk oor die lewensverwagting van die seun, en dié waarde val in die ma se boedel vir boedelbelastingdoeleindes. In dié geval word 'n tweede som egter gemaak omdat die waarde van die vruggebruik in die ma se boedel nie méér mag wees as die waarde van die eiendom by haar dood minus die die waarde van die blote eiendom toe die vruggebruik geskep is nie. Maar nou raak ons tegnies. Die punt is dat die vruggebruik 'n waarde in die ma se boedel gaan hê.

'n Kapitaalwins-nagmerrie wag egter op die seun as hy later die plaas wil verkoop, want sy basiskoste sal die waarde van die blote eiendom wees toe hy dit geërf het. Sy "wins" kan dus baie groot wees.

En Jan Taks kyk na dié "beplanning" en lag lekker, want hy lag altyd laaste. LB

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*
**Navrae:** *Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos:* ***nico@finlac.com.***